

hulle stap. Khusta is 'n tipiese voorbeeld van iemand wat uit 'n vaderlose gesin kom en maak hy sy twee sussies wat nog op skool is groot. Phakamisa het ook nooit sy pa regtig geken nie. Ek verwys na hulle as leiers, want dit is die rol waarin hulle besig is om te ontwikkel. Phakamisa bietjie meer as Khusta. Hy het darem al 'n gesin en nommer 2 is op pad. Julle sal onthou dat hy Port Alfred toe verhuis het die begin van die jaar en hy het skaars sy voete aan wal gesit of hy het begin met sy sokker klub. Dit was aanvanklik net 'n handjie vol seuns en trek hulle nou al oor die 30 jong seuns. Hy is baie deeglik met sy administrasie en hou register van almal in sy klub. Hy hou ook boek van hoeveel van die kinders kom uit ouerlose of vaderlose gesinne. Ek sal hom weer daarvoor uitpra as ek hom sien, maar laas het ek geskrik toe hy my vertel het. Hy het ook reeds begin met die mentorskap van ander sokker- en krieket afrigters en beplan hulle 'n krieket-toernooi tydens die Krieket-wêreldbeker. Al hoe meer van die seuns kom nou Sondag na sy kerk toe. Dit is wat mens graag wil sien. Die wiel is aan die rol. As enige iemand dalk van die "Living Ball" sokker- of rugby balle wil borg laat ons weet asseblief.

Ander Nuus

Ons is weer besig om ons voorraad Bybels en gesangeboeke van die verskillende kerke op te bou, so as iemand enige navrae het laat ons weet. Ons voorsien alles teen kosprys en oom Giep Louw van Fundani help ons baie om van die skaars materiaal in die hande te kry. Dankie Oom Giep. Ons beplan om later die maand weer die Bybel Kursusse van Teach Every Nation maandeliks aan te bied. Ons wag in spanning vir die vrystelling van "Bible School on Wheels #2". Dit belooft om nog beter te wees as #1. Baie dankie vir almal se ondersteuning op soveel terreine die afgelope paar maande. Julle maak 'n verskil in ons lewens sodat ons 'n verskil in anders se lewens kan maak!

Ons Besonderhede

GAP Ministries, Brockettstraat 9, De Mist
Pierre Sel: 0833703592 Sugnet Sel: 0834014517
Go and Proclaim Trust: ABSA Bank Uitenhage
Rekening Nommer 4056657942
E-pos: outreach@global.co.za/www.goandproclaim.co.za
www.facebook.com/goandproclaim



Ondersteun GAP Ministries deur Zapper. Ten einde Zapper te kan gebruik moet jy die Zapper app op jou foon hê wat gekoppel is aan of 'n debiet of kredietkaart. Skandeer die QR kode hiernaas op die app en volg die res van die instruksies. Zapper is meer geskik vir eenmalige transaksies en daar word kostes verhaal deur die voorsiener van die diens so dit is nie die ideale manier van ondersteuning nie, maar dalk is dit gerieflik vir iemand.

GAP Nuus April 2019

Persoonlike Nuusbrieff van Pierre, Sugnet, Pieter en Eldi van Wyk '„verkundig elke dag Sy reddingsdade” - Ps 96:2

Vriende, ons groet julle in die wonderlike naam van Jesus Christus. Die jaar hardloop onder ons almal uit en teen die tyd wat julle die nuusbrieff kry is die verkiesing seker al op ons, of verby. Daarvoor 'n bietjie meer later. Ons nooi julle graag weer uit om die nuusbrieff saam met ons deur te lees en soos gewoonlik is daar persoonlike nuus inmekeargevleg met die nuus en gebeure van die bediening.

Familie Nuus

Die jaar het soos 'n warrelwind begin en was daar nie altyd tyd om almal op hoogte te hou van Sugnet se pa se gesondheid, hoe vinnig hy agteruit gegaan het en onverwags oorlede is nie. So dalk gaan hierdie vir van julle ongelukkige nuus wees. Die patroon die paar weke en maande voor sy afsterwe was gevul met die roetine van dorp toe, dokters toe, patoloë toe en weer terug plaas toe op 'n weeklikse basis en later het dit soos elke dag gevoel. Hulle huisdokter het 'n goeie werk gedoen daarvan om die medikasie met al die toetse se uitslae te sinkroniseer en probeer om al die liggaamsfunksies in balans te hou. Ten spyte daarvan het die onvermydelike dag gekom dat sy liggaam die infeksie wat maar altyd op die horison getalm het, net nie meer van die deur kon weghou nie en was dit later net die pasaangeër wat hom aan die lewe gehou het, maar heelaas ook die stryd gewonne gegee het op 30 Maart.

Die begrafnis was 'n besondere huldeblyk aan iemand wat vir baie van die boere en besoekers in die vallei 'n geestelike vader was. As jy 84 word en so lank deel was van die lief en leed van 'n boerdery-gemeenskap, dan is dit inderdaad 'n groot verlies vir baie mense. Hy was vir baie boere 'n steunpilaar. Die boodskap het dan juis ook gegaan oor die belangrike rol wat vaders speel in 'n mens se lewensreis, en almal wat daar was was aangespoor om geestelike eienaarskap te aanvaar vir die mense vir wie ons almal verantwoordelik is. Ek deel graag hier 'n paar van die gedagtes van my huldeblyk en wil weer ook hier almal bedank wat veral die laaste ruk 'n ondersteunende rol gespeel het. Sugnet het die Elandsrivier pad flenters gery en sy het menige kere moeg en laat en vol stof by die huis aangekom na 'n lang dag. Die bobbejane het lateraan vir haar begin waai as sy verbygekom het. Ons kon nie altyd alles vir hulle gedoen het nie, maar haal ek my hoed af vir my vroujie wat haar beste

gegee het onder moeilike omstandighede.

In Elandsrivier werk dit so dat hoe langer jy daar bly hoe meer word mens deel van die vallei se geskiedenis. Daar is juis onlangs 'n boek gepubliseer oor die karakters, verhale en die lief en leed uit die vallei. As jy op die rype ouderdom sterf soos die geval hier was word mens outomaties deel van die geskiedenis wat voortleef in stories wat oor en oor vertel word elke keer as die bekendes saamkuier om 'n braaivleisvuur. Pieter het veral sy oupa se jagstories baie geniet en sal baie van die stories nou net tweedehands voortleef. So word mens deel van die museum van Elandrivier. Die museum is nie 'n gebou nie, maar die herinneringe en verhale wat hopelik sal voortleef tot die dag wat iemand dit weer in 'n boek opneem. Dit is inderdaad die einde van 'n era.

Graag wil ons almal se vrae beantwoord oor die pad vorentoe. Gumdale was nog nooit 'n eiland in Elandsrivier nie en was dit altyd 'n integrale deel van wat ook al in die vallei gebeur het. Dit was van toeka se dae af die oornagpunt en afpak-plek vir die boere en reisigers wat oppad dorp toe was met perde en waens en baie keer te voet. Die ou murasie wat die rusplek was staan nou nog daar onder die bloekoms. Ons sal graag wil sien dat daardie tradisie voortleef al weet ons nie presies hoe op die oomblik nie. Ons doen geen langtermynbeplanning nie en sal soos die prentjie duideliker word dit met julle deel. Iets van die rus en vrede wat dit vir so baie mense ingehou het sal ons wil sien toeganklik word vir meer mense, maar sal mens ook graag wil sien dat die komersiële potensiaal van die plaas, bobejane en al, weer ontgin word. Maar dit gaan ongelukkig kapitaal verg wat nie binne ons bestek is nie. So daar is baie bidwerk en dinkwerk wat voorlê, maar sal ons graag op die korttermyn net eers die boedel wil afhandel en wanneer dit ook al gebeur dan die volgende tree gee. Intussen is Sugnet se ma onder ons dak en ons verantwoordelikheid. Dankie aan al die boere wat gereeld daar op die plaas 'n draai maak en 'n ogie daar hou. Ons waardeer dit.

Met Pieter en Eldi gaan dit goed al het hulle altwee die jaar baie uitdagings beleef met al die veranderinge wat oor hulle pad gekom het en die verlies van 'n oupa vir wie hulle baie lief was. Eldi doen weekliks prakties en as ek reg onthou uit ons studente-dae is dit nie die praktiese sessies wat die probleem is nie, maar al die voorbereiding en die skryfwerk daarna. Dit kry haar baie dae amper onder, maar lyk dit asof sy weer begin spoed optel hoe verder die jaar vorder. Baie van die "clinics" is in die townships, waar geen van ons mens gewoonlik kom nie. So dit opsigself is 'n uitdaging. Maar dit is ook baie goeie blootstelling. Van vrye tyd en sosialiseer is daar nie veel sprake die jaar nie.

Julle sal onthou dat Pieter verlede jaar die brawe stap geneem het om onder die dak van Launchlab op Stellenbosch sy eie maatskappy te begin met die naam van Triunse. Die fokus daarvan was die ontwikkeling van prototipes en

Hy klink kwaad en moedeloos. Sy honde het oor die heining gespring en die vorige paar weke se bene wat hulle gekry het tussen al sy spinasie, blomkool en tamaties gaan begrawe. Leef die honde nog wil ek weet? So week of wat later gaan doen ek weer inspeksie. Daar is niks oor nie en die honde leef nog ja. En hy is nog steeds kwaad. Intussen het hy die heining hoër gemaak en kom die honde nie meer daar oor nie en het hy vir hulle ander plek gemaak waar hulle hulle bene kan begrawe. Ek was nog nie weer daar nie, maar sal seker binnekort weer daar 'n draai maak sodat ons weer voor kan begin. Dis nie einde van die aardbol nie sê ek gewoonlik. Ek mors nou baie plek hier om die een storie te vertel, maar julle kan agterkom dat dit nie voor die hand liggend en eenvoudig is nie. Daar is altyd komplikasies en verstaan almal nie altyd hoekom die mense wat so swaar kry en duur vir kos moet betaal nie hulle eie kos kan kweek nie. Ek verstaan dit ook nie altyd nie. En dan is daar nog die rondloper beeste, diewe en vandale wat ons vorige projekte geruineer het. Maar ten spyte daarvan is dit altyd lekker om 'n pad met iemand soos Loyiso te loop. Aan die einde van die dag is dit dalk waaroor dit gaan. Gelukkig begrawe pastoor David se honde nie hulle bene nie en is sy groentetuin hier in KwaNobuhle nog aan die groei en kry ons gereeld spinasie en ander goed daar van hom af. Ons verwys maar altyd belangstellendes daar na hom toe, maar ek het agtergekom omdat hy 'n wakker Nigeriër is, nie almal so gretig is om by hom kers op te steek nie. Maar ek stuur hulle maar in elk geval. Reverend Manie se groentetuin by sy skool verder op teen KwaNobuhle se klippe randjie is ook nog aan die groei en haal ek my hoed vir Elvis, hulle tuinier af vir wat hy reg kry met een arm. Die ander arm hang nutteloos aan sy lyf na 'n beroerte. So die einde van die storie is daar is mense wat probeer en laat ons hulle help sover ons kan. Hulle sal die res doen.

ReadySetGo

Hieroor het ons ook al geskryf. ReadySetGo is 'n sportbediening wat ons met tussenposes by betrokke is en meer dikwels die afgelope jaar of wat. Beide Phakamisa, wat julle ken, en Khusta wat julle nog nie ken nie, het die afgelope jaar vlak 1 en 2 opleiding by hulle gekry. Khusta het pas teruggekeer van vlak 2 opleiding in Zambië en teruggekom met 'n gebreekte toon of twee. Dit het bietjie rof gegaan volgens hom. Die opleiding klink vir my na 'n kombinasie tussen Bybelskool, 'n oorlewingskursus en sportadministrasie-opleiding. So het hulle 2 dae in die veld deurgebring met net 'n bottel water, hulle Bybels en Roy Hession se "The Calvary Road". Terug by die basis wou die instruktors by hulle weet, nie hoe dit met hulle gaan nie, maar hoe was die boek? En het hulle hier oor paasaweek half een die oggend na "The Passion of the Christ" gekyk waarna hulle vir hulle "long run" gegaan het om te sien hoe kom die son op 'n paasaweek op! Maar hy het vol glimlagte teruggekom. Vir ons gaan dit nie soseer oor die tipe bediening waarin leiers soos hulle hulle bevind nie, maar soos reeds gemeld die pad wat mens met

land sal bring en dat ons geleidelik al hoe wyer sal begin bid. Enige individu, gebedsgroep, selgroep of vriende wat wil gesels en saambid is welkom. Dit is oop in kantoor ure en werk ons aan die toesig en toeganklikheid na-ure. Ons moet nog 'n amptelike opening hou en julle sal baie welkom wees, begin solank droom daarvoor."

Hierdie visie van Sugnet val ook mooi in by die Nehemia visie se gebedsroete deur die Metro wat op die manier gaan probeer om al 60 munisipale wyke in die Metro met mekaar te verbind. Iets wat ons nog nie regig kon regkry tot nou nie. Die plek is net te groot en die geografiese en demografiese verskille net te dramaties om genoeg sinergie te kan bewerkstellig tussen al die kerke. So dramaties is die verskille dat in sekere wyke hulle so goed geword het om klippe te gooi dat hulle selde hulle teiken mis. Veral die kleintjies. In ander wyke is daar genadiglik nie baie klippe nie en in ander wyke is daar geen begrip daarvoor dat mense heeldag klippe na iets wil gooi nie en al probeer hulle sal hulle niks raakgegooi kry nie. So is kerke in sekere wyke heeldag net besig om klippe uit die pad uit te rol sodat mense by die kerk kan uitkom terwyl ander kerke heeldag besig is met hulle nuwe bouplanne en maak hulle planne om genoeg klippe te kan kry om die nuwe fondasies op te vul. Dit is bietjie oordrewe maar dit is die realiteit. Ons is wêreld verwyder van mekaar so enige sinergie is daarom 'n moeilike een. Maar ons is nou al so lank daarmee besig en daar is groot vordering en sal die gebedsroete se stoppe of stasies soos ons dit noem, hopelik verdere momentum daaraan gee. Die "House of Prayer" sal daarom 'n goeie stop wees. Ons beplan om hier teen die einde van die jaar die kaart op die tafel te kan sit.

Plantaardig

Dit wil voorkom asof die droogte siklus hier by ons einde se kant toe staan en het ons weer begin om mense aan te moedig om hulle hande vuil te maak. Hopelik is die wintermaande weer so nat soos lank gelede. "Farming God's Way" se kursus is nou op 'n geheuestokkie en het dit deel geword van ons "toolbox". In die townships werk "Farming God's Way" nie so lekker nie so ons integreer sommige van die beginsels met ons eie ervaring en gewone "common sense". Gebrek aan genoeg plek is gewoonlik die grootste hindernis. Tuinmaak in die townships was ook nog nooit maklik nie. So help ons vir Loyiso daar in Blouwater Baai, waar hy bly, om sy prototipe van die grond af te kry. Hy is een van die min kerkleiers met groen vingers. Eers toer ons deur NU12 in Motherwell se wit grond en klippe waar hy besig is om kerke te plant. Hy wil daar groentetuine begin. Ek het nie baie hoop nie. Dit is soos om tuin te maak op 'n sementblad. Maar hy is so entoesiasies. Ons delf sy agterplaas om, lê die rye uit soos "Farming God's Way" ons geleer het. Hy het darem genoeg plek en die grond is lekker sanderig. Ons doen die "planting station" ding en teen die einde van die dag is daar genoeg geplant vir sy gesin, die bure en 'n sokkombuis of twee. So week of wat later bel ek hom.

algemene ontwerp-werk. Hy het ook die "makerspace" vir "launchlab" bedryf. Van die begin af was dit baie uitdagend en het hy baie goed gedoen om die infrastruktuur van die besigheid te vestig en het hy hard gewerk daaraan om verhoudings met die beleggers en moontlike kliënte op te bou. Soos die maatskappy ontwikkel het, het die beleggings-potensiaal al hoe meer geneig in die rigting om 'n diens te lewer aan "launchlab" wat baie sou neerkom op bemarking, "events management" en verbandhoudende aktiwiteite. Dit is nou vaardighede wat nie op sy belangstelling- en gawelys baie hoog is nie en het hy besluit kort na oupa se begrafnis om die maatskappy eers op die ys te sit en om ander mense die geleentheid te gee om die geleentheid wat daar is in samewerking met Launchlab verder te benut. Stellenbosch is ook net so verskriklik duur om te oorleef en het dit uit daardie oogpunt ook nie meer sin gemaak om daar 'n maatskappy op 'n "shoestring" te bedryf nie. Intussen is hy dan ook nou hier en bid ons saam met hom oor die volgende tree. Ook in die geval dink en droom ons korttermyn. Vir hom werk korttermyn beplanning baie beter as langtermyn en neem ons dit daarom ook 'n tree op 'n slag.

It is 'a Long Way to Tipperary

Nog 'n bietjie persoonlike nuus. Hierdie liedjie met die opskrif hierbo sal sekerlik 'n klokkie lui by baie van julle wat ouer as 50 en 60 en selfs 70 en 80 is. Dit was aanvanklik 'n liefdesliedjie wat gekryf is deur 'n verliefde jong man aan sy meisie in Tipperary daar in Ierland. Dit het later 'n baie bekende liedjie geword tydens die eerste Wêreldoorlog en word dit nog gereeld gesing deur baie troepe orals in die wêreld as hulle terug begin verlang huis toe. Ek kan nie onthou dat ons dit in my weermagdae gesing het nie. Ek kan wel ander goed onthou wat ons gesing het wat nie so poëties was nie. In elk geval Tipperary is nie 'n dorp nie, maar 'n streek of provinsie in Ierland en niemand tot vandag toe weet presies waar die nooientjie gebly het nie. Ons beplan 'n besoek aan daardie deel van die aardbol die tweede week in Junie om vir my suster te gaan kuier wat verlede jaar daar gaan vestig het nadat sy in die suide van Engeland afgetree het, en toe verhuis het na groener weivelde, letterlik. Ons het nog nooit 'n begeerte gehad om Engeland te besoek nie. Afgesien van die visa-aansoek se komplikasies het ek nie kans gesien vir die Engelse met hulle stywe pinkies en baie tee 5 keer op 'n dag nie. Die Iere klink baie meer soos ons en drink hulle bitter min tee, maar baie ander goed wat bitter is. Maar dit is nie op ons lys nie. Die doel van die besoek is om weer ons familiebande te verstewig en op datum te kom met die wel en weë van almal wat aan ons verbind is. Dis nou die klompie in Roscrea. As tyd dit toelaat sal ons graag die wortels van die herlewing in Ierland van 1859 wil gaan opsoek, maar 'n week daar is bitter kort so ons laat die Here dit vir ons inrig. Die besoek is in die middel van die Krieket Wêreldbeker, maar gelukkig speel die Iere nie baie krieket nie en verwag ons

niks meer as Ierse humor oor die aangeleentheid nie. Hulle heiligdom van rugby is daardie week toe vir onderhoudswerk so ons gaan ook nie daar kan uitkom nie. Ons hoop ons sal in die volgende nuusbrieff vir julle kan vertel hoekom die Iere nie so baie tee drink nie. Dit is inderdaad vir ons 'n "Long Way to Tipperary".

Stembus

"Everything has a life cycle, and there is actually a life cycle for countries. A number of philosophers and sociologists have written about this. It's like a plant where you plant the seed, it grows to a seedling, sprouts, matures, drops its seeds and dies. We're seeing that... and without understanding that, you're not going to survive." ~ Dr. John Bergman

Julle sal onthou dat ons so paar nuusbriewe terug verwys het na die lewenssiklus van volke. Ons wil nie weer die detail daarvan opdiep nie, maar net weer vinnig daarby stilstaan. Dit help my om te verstaan wat besig is om in die land te gebeur en hoe om te bid daarvoor. In daardie spesifieke nuusbrieff het ons gemeld dat ons iewers tussen die laaste en voorlaaste stap was voor ons weer by stap 1 begin. Ons het op daardie stadium die dreigende diktatorskap van ons vorige president in die oë gestaar wat ons genadiglik vrygespring het wat toegelaat het dat die siklus weer sy loop kon neem.

Die laaste stap klink min of meer so: "From dependency back to bondage. Once we become truly dependent on only money and lose all our other basic skills (such as food cultivation), which today are given away to government and big business, we truly become dependent on them for everything — and we fall back into bondage. The best way to describe this is by a native American Indian proverb: "Only when the last tree has died and the last river has been poisoned and the last fish has been caught will we realize that we can't eat money." Hier is nogal raakpunte hier. Ons sit met 'n generasie mense wat ongeag die rede daarvoor afhanklik geword het van die regering vir hulle daaglikse brood en botter en word dié generasie gekenmerk deur 'n tekort aan vaardighede en opleiding wat hulle nie in staat stel om hulleself te herontwerp nie. Dit is inderdaad 'n vorm van magsbeheer. En daar is massas van hulle wat al hoe meer word. Hulle kom hier by ons voordeur verby elke dag. Ons sou seker ook hierdie argument kon gebruik om die behoud van grond en die landbousektor te verdedig. Inderdaad kan mens nie geld eet nie!

En die laaste fase of stap van die 9 stappe klink min of meer so: "From bondage back to spiritual faith." Dit is laasgenoemde wat my hoop gee om te volhard in die dinge waarmee ons besig is sodat ons weer by stap 1 kan begin: When people of a country are being repressed by their government, there is a spiritual awakening, or even a renaissance. The resistance of bondage and repressive government helps to unite the people."

Daar is inderdaad 'n geestelike oplewing of ontwaking besig om te gebeur in

die land. Die verkiesing het baie daarmee te doen, maar kom dit al 'n hele ruk voor die verkiesing aan. Ons sien en beleef 'n groter dringendheid by individue, groepe en kerke en word gesprekke dikwels afgesluit met opmerkings soos "ons moet nou bid soos nog nooit tevore nie". Slegs vader tyd sal leer of hierdie teorie oor die siklusse gaan waar word, maar ek het baie hoop dat dit wel die geval gaan wees. Die geskiedenis het dit immers al bewys.

Ons volhard gevolglik daarmee om almal orals ingelig te hou oor hoe en waarvoor om te bid en probeer sover moontlik die verskillende nasionale inisiatiewe, wat al hoe meer word, te integreer op 'n manier wat sin maak vir almal. Ons het vroeg in die jaar 'n "roadshow" gedoen saam met Jericho Mure en vetrek binnekort weer op die volgende een. Ons sal dit waardeer as julle saam met ons sal bid dat die Here vir ons guns gee en mense se harte sal voorberei. Dit is nooit maklik nie, maar altyd lekker om mense op die mees afgeleë plekke se entoesiasme vir die koninkryk te sien. Mense bid nie ook net nie, maar hulle woeker dat die stof trek. Die Here deur Sy Gees is inderdaad besig om mense vir Hom oproerig te maak. Ons is in die proses om ons WhatsApp voorbiddingsgroep saam te stel so as jy nie op die groep is nie, maar graag gebedsversoeke wil ontvang oor die "roadshows" en ander aksies waarmee ons besig is, laat ons weet. Ons sal nie julle tyd mors met versies, prentjies en advertensies nie.

Die 3e week van gebed van die 7 weke gebed-siklus vind plaas van 3 tot 9 Junie. Dit is die week van Pinkster en sal die fokus daardie week, afgesien van die bekende temas, dan op Pinkster val. Vir die van julle wat in die gemeente is, daar is ook 'n WhatsApp groep vir die doel en julle is ook welkom om by die groep in te val en saam te bid daardie week. Meer besonderhede sal begin deursyfer nader aan die tyd.

"A House of Prayer for the Nations"

Hierdie is eintlik Sugnet se visie. "Dit is al baie lankal wat die droom in ons harte leef om 'n plek in Uitenhage te hê waar ons kan bid vir Uitenhage, die Oos-Kaap, Suid-Afrika en die Wêreld. Ons het deur die jare gesien dat dit nie werk om so 'n plek by 'n kerk in te rig nie. Dit is goed vir die kerk om so 'n plek van gebed vir die gemeente te hê, maar mense van ander denominasies, kulture en taal gaan nie maklik daarheen nie. Die soektog was om 'n plek te kry wat nie by 'n kerk is nie, toeganklik en veilig is en waar daar 24 uur aktiwiteit is, toilette beskikbaar is, genoeg parkering en krag. 'n Bonus sal wees as daar koffie gemaak kan word. Ons het gebid en gewonder. Ek het net op 'n dag geweet ek moet vir Kenneth Botha gaan vra of hy weet van so 'n plek. Voordat ek my visie van 'n "House of Prayer" kon klaar vertel was die antwoord. "Kom ek gaan wys jou, ek het die plek vir julle." Wel ons het nou so 'n plek. Agter die OK Minimark in Cuyler Straat. Nou moet ons begin bid daar. Ons het al. Die idee is dat elkeen wat daar bid 'n landsvlag van sy